# Hoofstuk van die dag: Psalm 150

> *Prys die Here! Prys God in sy heiligdom, prys Hom hier onder sy magtige hemelgewelf! (vers 1)*

Ons is hier om God te loof en te prys. Vers 6 sê: Laat alles wat asem haal, die Here prys! Dit geld natuurlik die ganse

skepping. Die skepping, én ons, veral ons, is deur God gemaak om Hom te prys.
Só belangrik is dit vir God dat die mens ook deel moet wees van hierdie loflied, dat Hy sy Seun gee om ons vry te koop sodat ons Hom kan liefhê, en om ons die wysie te leer.
Met die "ons" bedoel ek natuurlik die kerk. Die kerk is daar om ons hierdie wysie te leer en al beter te leer, om ons te oefen om God te kan loof en prys. Daarom begin Ps 150 met die woorde: Prys God in sy heiligdom …
Maar die kerk is nie net daar om vir óns te leer om God te loof nie. Die loflied begín wel in die kerk, maar dit moet daarvandaan uitbrei na die hele wêreld, na al die mense, sodat alles wat asem haal, die Here sal prys, sê vers 6.
Prys Hom dan met oorgawe, uit volle bors! Laat alles wat asem haal, die Here prys! Halleluja!

*Naskrif:* Môre begin ons DV met Paulus se Brief aan die Romeine.

---


- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant

# Hoofstuk van die dag: Psalm 149

> *Prys die Here! Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot sy lof in die vergadering van sy troue dienaars. (vers 1)*

God se troue dienaars (ons!) word hier opgeroep om Hom te prys met 'n nuwe lied. 'n Nuwe lied hou altyd verband met 'n keerpunt in die geskiedenis en 'n nuwe tydvak wat voorlê. In Israel se geval jubel hulle oor hulle Maker 'n groepie slawe en nomades verander het in 'n volk wat deur die eeue staande kon bly (vers 4). Hulle word opgeroep om uitbundig voor Hom te juig (vers 3).

Vir Israel het dit wel beteken dat hulle met die swaard in die hand moes leef (vers 6), soos Nehemia-hulle met die herstel van die muur (Neh 4:17-18). Moderne gelowiges staan egter nie meer hulle man met fisieke wapens nie, maar met die wapenrusting wat God gee, en die swaard van die Gees, die Woord van God (Ef 6:10 e.v.).

Ons kan ook nou al 'n nuwe lied saam met die verlostes in die hemel sing (Op 5:9), want Jesus het Satan se houvas op die mensdom gebreek. En eendag, wanneer ons ook daar sal kom, sal ons dit weer sing (Op 14:3).


Kom, laat ons sing!

# Hoofstuk van die dag: Psalm 148

> *Laat hulle die Naam van die Here prys, want sý Naam alleen is hoog verhewe, sy majesteit strek oor die aarde en oor die hemel. (vers 13)*

’n Magtige loflied klink op vanuit die ganse skepping, en jy moet ook deelneem aan die groot koorbyeenkoms waarin alle bewoners van die hemel en die aarde deelneem. Julle moet saamsing en God prys. Niemand van die koorlede mag afwesig wees nie, selfs nie die seemonsters en die wurms nie.
Jou eie lof is maar net ’n minuskule deeltjie van die magtige loflied van die skepping. Maar: jou aandeel is onontbeerlik. Alle mense is deel hiervan: konings en onderdane, magtiges en nederiges, grysaards en jong meisies. Wat ’n magtige koor! Wat ’n heerlike loflied!
Hoe kan jy jou stem by dié van die engele en die res van die skepping voeg om God te loof? Wat is jou spesifieke bydrae tot dié koor?
Wanneer laas het jy in die natuur stil geword en geluister na die lof van die skepping? Die sang van die voëls, die suising van die wind, die sagte voetval van die besies, die warmte van die son op jou vel …
Wat laat die lied van die skepping in jou gebeur? Hoe raak dit jou visie op God?

---



# Hoofstuk van die dag: Psalm 147

> *Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde. (vers 3)*

Ps 147 bevat 3 stansas, wat elkeen ingelei word met 'n oproep om die Here te loof (verse 1-6, 7-11 en 12-20). Elkeen van dié stansas gee redes hoekom ons die Here moet prys: As Alwyse maak Hy heel wat stukkend is en tel Hy die gebrokenes weer op (vers 2-6); as Skepper en Onderhouer sorg Hy vir die natuur (vers 8-11); en as Almagtige beveilig en versorg Hy sy mense en beheer Hy die natuur (vers 13-18).

Oor al dié dinge jubel die digter, maar sy eintlike verwondering lê daarin dat die Here sy wil aan sy mense bekend gemaak het (vers 19). Dit is iets wat geen ander nasie kan sê nie.

Ons het natuurlik nog meer rede om die Here te prys as wat die digter gehad het: As hemelse Vader het Hy sy enigste Seun gegee sodat ons sy kinders kan wees (Joh 3:16). As Verlosser het Jesus ons gebrokenheid op Hom geneem sodat ons genees kan wees (Jes 53:6) op 'n nuwe pad agter Hom kan aangaan.

Watter dade van God resoneer vandag by jou? Want dan kan jy saam met die psalm sê: Prys die Here!

---


- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video's en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek



# Hoofstuk van die dag: Psalm

# 146

> *Ek wil die Here loof solank ek leef; ek wil my God besing solank ek bestaan. (vers 2, 2020-vertaling)*

Vir die psalmis is die lewe 'n loflied. Dit is nie net die strekking van Psalm 146 nie, maar ook van die laaste kort versameling van vyf halleluja-liedere (Psalms 146-150) waarmee die psalmboek afsluit. Met hulle keuse van hierdie vyftal lofliedere as slot, wil die versamelaars van die psalmboek sê dat daar 'n einde kom aan alle droefheid, swaarkry, sorge, verlange en klaagliedere en dat dit plek maak vir 'n groot loflied. Hierdie visie op die lewe begin met Psalm 146 wat 'n loflied op die lewe is. Natuurlik is dit eintlik 'n loflied op die Here wat die lewe daargestel het en onderhou.
Jesus het gekom om ons swaarkry te beëindig. Wanneer Hy in Nasaret preek, sê Hy dit in soveel woorde (Lukas 4:16-20; sien ook Jesus se antwoord aan Johannes die Doper in Lukas 7:22). Jesus het gekom om die swaarkry van mense soos die uitgeworpenes, onderdruktes, hongeriges, krygsgevangenes, blindes, vreemdelinge, weduwees en wese te beëindig. Hy het gekom om ons klaagliedere in lofliedere te verander. Daarom kan ons uit volle bors met die digter van Psalm 146 saamsing.
Doen jy dit?

---



# Hoofstuk van die dag: Psalm 145

> *Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het. (vers 9)*

Ps 145 is 'n akrostiese psalm, dit wil sê die eerste letter van al die reëls spel saam die alfabet. Die digter doen dit omdat hy God se lof op 'n omvattende manier wil besing. Dit is die A tot Z van God se goedheid wat besing word. En almal behoort elke dag oor alles aan dié lofprysing deel te neem.
Deel hiervan is dat ouers hulle kinders moet voorgaan in hierdie loflied (vers 4). Want geloof is net 'n enkele geslag diep. As jy nie jou kinders voorgaan in 'n lewe van lof tot God nie, sterf die geloof by jou. Vertel daarom vir jou kinders en kleinkinders van God en die wonderlike dinge wat Hy

doen en gedoen het, sodat hulle saam met jou in verwondering voor Hom kan leef.
Wat die digter ook onderstreep, is dat dit nie net enkele witbroodjies van die Here is wat Hom kan loof nie (vers 9). Trouens, God het nie witbroodjies nie (of dan: ons is almal sy witbroodjies). Hy laat sy son opkom oor slegtes én goeies (Matt 5:45) en is naby almal wat Hom aanroep (vers 18).

## Onlangse Bydraes


- Joh 4:1-30 Jesus kan ook jóú dors les
- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026